**10 MEI** **SKRIFGEDEELTE: NUMERI 28:1-10**
**FOKUSGEDEELTE: 2 KORINTIËRS 2:14-16**

## Die geur van nuwe lewe in Christus

Elke dag hang die braaivleisreuk swaar oor die kamp. Elke more en elke aand word ’n lammetjie geoffer. En ’n brood. En wyn uitgegooi. Elke dag twee maal.

En op die Sabbat dubbel.

Elke dag hang die geur van die heerlike redding wat die Lam bring oor ons lewe, heeldag lank. Ons vuur die reuk aan deur in Hom ons dag te begin en in Hom ons dag af te sluit. Hy is ons lewende brood, Hy is ons feeswyn. Hy is ons lewe. So leef ons elke dag, heeldag – omring met die geur van ons nuwe lewe in Hom.

Op Sondae kom ons saam om hierdie lewe te vier en daaroor te getuig. Staan die waarheid nie vas in die mond van twee (of meer!) getuies nie?

Kom, lewe voortdurend, en op ons saamkomdag dubbel, in die offer van die Lam! Jy ís gereinig, jy het vrye toegang tot God, jy kan ingaan sonder om te klop, jy mag by Hom wees. Put heeldag jou lewensenergie uit die lewende brood. Lewe uitbundig bly met sy feeswyn in jou hand. Lewe vóór Hom, mét Hom en ín Hom.

Laat jou vrymoedige, energieke, blye lewe voor God aan ander vertel wie God nou eintlik is – elke dag en op saamkomdae dubbel.

*Sing: Skrifberyming 20-1:1-7 en/of*
*Skrifberyming 20-2:1-7 en/of*
*Psalm 92:1, 2, 6 (1936-beryming) of*
*Psalm 92:1, 5 (2001-omdigting)*

*Ds Johan Fleischmann (Vleuels, Bloemfontein)*